Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

AUGUSTUS 2020

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

BURGEMEESTER SE PLEIDOOI: HELP ONS ASSEBLIEF OM DIE VINNIGE STYGING IN COVID-19-GEVALLE TE STUIT DEUR UITERS WAAKSAAM TE WEES

Kort nadat die protokolle vir 'n gevorderde Vlak 3 van die inperking afgekondig is, het Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee die Raad tydens 'n virtuele vergadering wat op Woensdag 24 Junie gehou is oor die stand van sake in Overstrand ingelig.

"Vordering na 'n gevorderde Vlak 3 beteken dat baie ondernemings soos haarkappers en skoonheidsalonne kon heropen en mense wat formeel en informeel persoonlikesorgdienste lewer, keer terug werk toe, wat fantastiese nuus vir Overstrand se gemeenskap is," het hy gesê, maar dadelik gemaan dat "ons steeds teen Covid-19 moet waak omdat die risiko van infeksies onvermydelik verhoog namate meer aktiwiteite hervat word.

"Die vinnige toename in die aantal mense wat positief toets, is baie kommerwekkend en die getal positiewe Covid-19-gevalle in die Overberg en, meer spesifiek, die Overstrand styg vinnig.

"Die eerste sterftes weens die pandemie is op 17 Junie in die Overstrand aangemeld. Ons innige meegevoel met die familie en vriende van die afgestorwenes.

"Op hierdie punt, let asseblief daarop dat die Nasionale Gesondheidswet bepaal dat alle inligting rakende pasiënte, met inbegrip van hul gesondheidstatus, behandeling of verblyf in gesondheidsorgfasiliteite, vertroulik is. Hierdie inligting kan dus nie openbaar gemaak word nie. Respekteer asseblief ander se privaatheid, veral in hierdie moeilike tye, en moet asseblief nie opmerkings maak waarin die oorledenes se name of adresse genoem of daarop gesinspeel word nie.

"Die twee vernaamste brandpunte in die distrik is Zwelihle in Munisipaliteit Overstrand en Grabouw in die Theewaterskloof-munisipaliteit.

"Ons eerstelinie-spanne van die departement van gesondheid, die munisipaliteite en die SAPD is hard aan die werk en doen hul uiterste bes om te help om die verspreiding van die virus te keer, maar dit kan nie vermag word sonder julle hulp en die hulp van 'n ieder en 'n elk wat hier woon of besoek af lê nie.

"'n Spesiale pleidooi word gerig aan diegene wat ouer as 60 is en diegene wat onderliggende siektetoestande het om veral versigtig te wees. Julle loop 'n hoër risiko om ernstig siek te word of te sterf. Dit is dus belangrik dat julle ekstra voorsorgmaatreëls tref en sover as moontlik tuis bly.

Die doeltreffendste verdedigingsmeganismes teen die virus is inderwaarheid heel eenvoudig:

- **Dra asseblief jou masker wanneer jy die huis verlaat;**
- **Handhaaf asseblief sosiale afstande;**
- **Ontsmet asseblief jou hande gereeld;**
- **Bly asseblief sover as moontlik tuis – moenie gaan inkopies doen tensy dit regtig nodig is nie; en**
- **Sorg asseblief dat diegene wat kwesbaar is vir Covid-19 ook tuis bly.**

"Vergun my 'n spesiale woord van dank aan al ons personeellede wat noodsaaklike dienste lewer: Ons waardeer die werk wat julle doen opreg.

"Baie dankie ook aan al die wonderlike organisasies sonder winsbejag wat humanitêre noodleniging ten tyde van die inperking bied. Julle doen fantastiese werk, en op die koop toe sonder enige erkenning of vergoeding.

"Dankie ook aan al ons raadslede wat hulp verleen met die onderskeie voedselondersteuningsprogramme sowel as om boodskappe wyd en syd te versprei wat ons mense aanmoedig om tuis te bly en die nodige voorsorg te tref wanneer hulle die huis verlaat."

By die ter perse gaan, het die getal positiewe Covid-19-gevalle in die Wes-Kaap, Overberg en Overstrand as volg daaruit gesien:

- Wes-Kaap 82 264 aktiewe
- Overberg 2 224 (823 aktiewe) en 49 sterftes
- Overstrand 1 105 gevalle (517 aktiewe) en 15 sterftes

DEAN O'NEILL AMPTELIK AANGESTEL AS OVERSTRAND SE NUWE MUNISIPALE BESTUURDER

Aangesien die vastetermyn-indiensnemingskontrak van sy huidige munisipale bestuurder, Coenie Groenewald, op 31 Oktober 2020 ten einde loop wanneer hy aftree-ouderdom bereik, het Munisipaliteit Overstrand na behore 'n werwing-, sifting- en keurings-proses gevolg om hierdie belangrike pos te vul.

In totaal is 28 aansoeke vir die pos ontvang. Ná afloop van 'n deeglike siftingsproses is drie van die voornemende kandidate genooi om 'n formele onder-houd by te woon en om verdere evaluering te deur-loop. Vervolgens het een van die drie voornemende kandidate ten tyde van die onderhoudstadium onttrek.

Burgemeester Dudley Coetzee het as voorsitter van die keuringskomitee gedien wat bestaan het uit adv. G Mettler (spesialis en tans Munisipaliteit Stellen-bosch se munisipale bestuurder), rdl. Elnora Gillion (Overstrand se onderburgemeester), mnr. G Paulse (hoof van die provinsiale departement van plaas-like regering), rdl. Valerie Pungupungu (waarnemer), mnr. R Steele (fasiliteerder) en me. Desirée Arrison (direkteur: bestuursdienste en sekretariaat).

Gegrond op die keuringskomitee se aanbevelings het die Raad tydens 'n virtuele vergadering wat op 24 Junie 2020 gehou is, eenparig besluit om mnr. Dean O'Neill as Overstrand se nuwe munisipale bestuurder aan te stel.

Mnr. O'Neill dien tans as Kaap Agulhas-munisipaliteit se munisipale bestuurder en het jare lange ervaring van plaaslike regering.

Sy aanstelling tree in werking op 1 November 2020.

"Die Raad het volle vertroue in mnr. O'Neill se vermoëns en sien daarna uit om saam met hom te werk. Hy is 'n bedrewe en ervare munisipale bestuurder en ons glo dat hy sy pligte as rekenpligtige beampte met uiterse sorg en toewyding sal verrig," het Burgemeester Dudley Coetzee gesê ten tyde van die aankondiging van die aanstelling.

ONTBYT: DIE BESTE MANIER OM DIE DAG TE BEGIN

Danksy Munisipaliteit Overstrand en vrywillige organisasies in ons dorpe, kry duisende mense wat weens die koronavirus-inperking in nood verkeer kos en noodsaaklike middele. So, byvoorbeeld, is daar vroeg in Julie ongeveer 5 000 bokse FutureLife-pap via Overstrand se rampbestuursentrum aan die kwesbaarste mense in ons midde uitgedeel.

"Hierdie hoogs voedsame ontbytgraan is veral bedoel vir senior burgers wat hul medikasie soggens moet neem, mense wat chroniese medikasie moet neem en jong kinders," het Burgemeester Dudley Coetzee gesê.

Mark Bunn, besturende direkteur van FutureLife Health Products, het ook goedgunstiglik 2 500 energiestafies geskenk. Sommige hiervan gaan help om die munisipaliteit se werkers wat noodsaaklike dienste onder toesig van die direktoraat beskermingsdienste lewer se kragte op te bou. Masizole Mnqasela, speaker van die Wes-Kaapse provinsiale parlement en hoof van die kiesafdeling Overstrand, het van hierdie geleentheid gebruik gemaak om 'n beroep op ander sake-ondernemings te doen om diegene wat in nood verkeer te help waar hulle ook al kan.

ELEKTRISITEIT: WAARVOOR BETAAL JY?

Klaarblyklik is daar 'n mate van verwarring oor die onderskeie elektrisiteitstariewe wat op munisipale verbruikers van toepassing is. Hopelik sal Overstrand se inwoners hierdie gids nuttig vind. Belastingbetalers ontvang maandeliks 'n rekeningstaat waarop alle heffings vir dienste wat aan 'n spesifieke eiendom gelewer is, aangetoon word.

'n Basiese heffing vir elektrisiteit word by die elektrisiteittariefstruktuur ingesluit omdat die koste vir die lewering van hierdie diens vereffen moet word. Die basiese heffing dek vaste en oorhoofse koste sowel as die kapitaalkoste verwant aan die vervanging /hernuwing van elektrisiteitinfrastruktuur waarvoor die munisipaliteit verantwoordelik is. Die basiese heffing is ook van toepassing op onbeboude erwe aangesien infrastruktuurdekking reeds aangelê is en die diens geredelik beskikbaar is. Voorts is 'n verdere heffing op infrastruktuur 'n paar jaar gelede geïmplementeer om te help met die afbetaling van 'n eenmalige lening wat die munisipaliteit aangegaan het om die elektrisiteitsnetwerk se infrastruktuur op te gradeer. Overstrand is grotendeels 'n vakansiebestemming met heelwat vakansiehuise en onbeboude erwe. Sonder 'n basiese heffing om 'n ewewig tussen vaste en oorhoofse koste te bewerkstellig, sou die koste per verbruikte eenheid aansienlik styg. In 'n geval soos hierdie sou permanente inwoners wat elektrisiteit op 'n maandelikse basis verbruik heelwat meer vir hul elektrisiteitsverbruik moes betaal, wat daarop neerkom dat hulle daardie verbruikers wat net dan en wan van elektrisiteit gebruikmaak, subsidieer. Dus is basiese heffings 'n billike manier om seker te maak dat almal bydra tot die koste verwant aan die lewering van die diens.

Gegewe die tariefstruktuur moet inwoners ook in gedagte hou dat die munisipaliteit vir 'n toereikende inkomste moet begroot sodat dit in staat sal wees om aan te hou om elektrisiteit aan die gemeenskap te voorsien.

Die rente op en die terugbetaling van lenings wat ten opsigte van kapitaalprojekte vir 'n spesifieke area in 'n spesifieke begrotingsjaar aangegaan is, of wat in die toekoms aangegaan gaan word, sal ook van belastingbetalers verhaal word.

Soos uit bogenoemde blyk, behels die lewering van 'n elektrisiteitsdiens nie bloot dat Eskom vergoed word vir eenhede wat aangekoop is nie, en ook nie daarop neerkom dat die munisipaliteit bloot ter eie verryking 'n wins op verkoopte eenhede laai nie. Die totale operasionele koste verwant aan die lewering van hierdie diens moet verreken word. In hierdie verband moet inwoners daarop let dat die munisipaliteit 'n infrastruktuurnetwerk ten bedrae van R523.4 miljoen (R1 miljard voor waardevermindering) by wyse van pro-aktiewe instandhouding in stand moet hou om kragonderbrekings te verhoed. Vervanging en/of vernuwing sowel as konstante uitbreiding van hierdie netwerk is aller noodsaaklik om te verhoed dat die netwerk nie in 'n slegte toestand verval nie. Hou ook in gedagte dat slegs personeel wat tegnies gekwalifiseer en bevoeg is aan die elektrisiteitsnetwerk mag werk. Bo en behalwe die basiese heffing kan die glyskale van toepassing op krediet- en koopkragmeters bekyk word op die munisipaliteit se webwerf www.overstrand.gov.za. Klik op die oortjie *Strategic Documents*, dan op Budget en rol af na Annexure C (*Rates and Tariffs*).

Maandelikse mandjie van elektrisiteitstariewe 2020/21 vir enkelresidensiële huishoudings ná NERSA-goedkeuring

Hoë verbruik met kredietmeter	Jaar 2019/20	Jaar 2020/21	% Bedrag	% Verhoog
Elektrisiteit: krediet meter 1500kWh	3 347,73	3 555,96	208,23	6,22
BTW	502,16	533,39	31,23	6,22
TOTAAL	**3 849,89**	**4 089,35**	**233,46**	**6,22**
Hoë verbruik met koopkragmeter	**Jaar 2019/20**	**Jaar 2020/21**	**% Bedrag**	**% Verhoog**
Elektrisiteit voorafbetaalde meter 1500kWh	3 205,11	3 404,47	199,36	6,22
BTW	480,77	510,67	29,90	6,22
TOTAAL	**3 685,88**	**3 915,14**	**229,26**	**6,22**
Medium verbruik met kredietmeter	**Jaar 2019/20**	**Jaar 2020/21**	**% Bedrag**	**% Verhoog**
Elektrisiteit: krediet meter 800kWh	1 722,47	1 829,61	107,14	6,22
BTW	258,37	274,44	16,07	6,22
TOTAAL	**1 980,84**	**2 104,05**	**123,21**	**6,22**
Medium verbruik met koopkragmeter	**Jaar 2019/20**	**Jaar 2020/21**	**% Bedrag**	**% Verhoog**
Elektrisiteit voorafbetaalde meter 800kWh	1 642,85	1 745,04	102,19	6,22
BTW	246,43	261,76	15,33	6,22
TOTAAL	**1 889,28**	**2 006,79**	**117,51**	**6,22**
Lae verbruik met kredietmeter	**Jaar 2019/20**	**Jaar 2020/21**	**% Bedrag**	**% Verhoog**
Elektrisiteit: krediet meter 600kWh	1 258,11	1 336,36	78,25	6,22
BTW	188,72	200,45	11,74	6,22
TOTAAL	**1 446,83**	**1 536,82**	**89,99**	**6,22**
Lae verbruik met koopkragmeter	**Jaar 2019/20**	**Jaar 2020/21**	**% Bedrag**	**% Verhoog**
Elektrisiteit voorafbetaalde meter 600kWh	1 196,49	1 270,91	74,42	6,22
BTW	179,47	190,64	11,16	6,22
TOTAAL	**1 375,96**	**1 461,55**	**85,58**	**6,22**

SKEDULE VIR STORMWATEROPGRADERING IN HERMANUS



Die kontrakteur Meyer Beton Siviele & Boukontrakteurs wat aangestel is om die opgradering van die stormwaterstelsel in Hermanus te behartig, het tydens 'n vergadering met belanghebbende sake-eienaars en verhuurders 'n opsomming voorgelê van die voorgenome program, voorgenome fases en voorgenome duur van elke fase en tegelyk kwessies rondom die sluiting van paaie en toeganklikheid vir voetgangers toegelig.

Die projek behels die opgradering van die stormwaterinfrastruktuur in Hoofweg, Marine-rylaan en High-straat, sowel as die vernuwing van High-straat. Voorts gaan die stormwaterstelsel in Mimosa- en Prelliwitz-straat in die nywerheidsgebied ook opgegradeer word.

Konstruksiewerk sal in fases geïmplementeer word om ontwrigtings te beperk, en die kontrakteurs het onderneem om in een area op 'n slag te werk sodat sake-ondernemings so ver as moontlik tegemoet gekom kan word.

DIT IS HOE DIT GAAN WERK

Fase 1 (Junie tot November 2020)

Begin by die parkeerarea in Marine-rylaan voor die Hamewith-woonstelblok deur die blok tot in Hoofweg voor Pappin en Pretorius Oogkundiges, dan af in Hoofweg tot by Dirkie Uys-straat en dan op in Dirkie Uys-straat tot by High-straat.

Terwyl daar in Marine-rylaan gewerk word, sal 'n rioolmangat in die kruising van Dirkie Uys- en High-straat tesame met 12 m se rioolpype aangelê word. Dit word gedoen om verkeersvloei te vergemaklik terwyl Hoofweg vir verkeer gesluit gaan wees en om die daaropvolgende aanlê van 'n nuwe rioollyn in High-straat moontlik te maak.

Fase 1 (einde Augustus tot Februarie 2021)

'n Vertragingsdam met 'n stormwaterlyn sal op en daarna af in Prelliwitz-straat geïnstalleer word om stormwater in Mimosa-straat op te vang. Daar is in Julie met die verwydering van bogrond begin.

Fase 2 (einde Julie / begin Augustus tot Januarie 2021)

Riolering, vanaf die kruising van Dirkie Uys- en High-straat en stormwater al langs High-straat, vanaf Beach House Interiors tot by Tutamen.

Die oopmaak/opsporing van bestaande dienste het in Junie 2020 begin.

Fase 3 (Julie tot Februarie 2021)

Opgradering van High-straat soos per die sakekern-hernuwingsplan:

- Area 1: Einde November tot Januarie 2021
- Area 2: Januarie tot Februarie 2021
- Area 3: Einde Julie tot einde November 2020

Voertuie en voetgangers sal toegang tot sake-ondernemings en wonings hê en geaffekteerde sake-eienaars, verhuurders en inwoners sal vir die duur van hierdie projek op hoogte gehou word.

Enige navrae en versoeke vir verdere inligting kan gerig word aan die kontrakteur se skakelbeampte, Robyn Diederichs, by 028 312 1092/3 of e-pos postnet@hermanus.co.za.

GAAN STAP GERUS IN NATUURRESERVATE, MITS...

Ingevolge Vlak 3-regulasies is die Fernkloof-, Kleinmond- en Rooi Els-natuurreservate sowel as alle ander areas wat as openbare ruimte 1 gesoneer is, weer oopgestel vir hul voorgenome gebruik.

Diegene wat die Fernkloof-natuurreservaat wil verken, kan gebruik maak van enige afgebakende paadjie of voetslaanpad.

Neem asseblief kennis dat:

- Geen area anders as by wyse van 'n aangewese paadjie of voetslaanpad betree mag word nie.
- As 'n area as "geen toegang" afgebaken is, daardie area asseblief nie betree moet word nie aangesien dit afgebaken is om erosie te verhoed, rare plante te beskerm of omdat dit onveilig is.
- Die dra van gesigsmaskers ten alle tye verpligtend is.
- 'n Veilige afstand tussen stappers deurentyd gehandhaaf moet word en dat mense liefs nie moet opbondel nie.

• *Sosialisering (soos om piekniek te hou) en samekoste in openbare oop ruimtes is ten strengste verbode, en om daardie rede sal plekke soos die Fernkloof-tuine tot verdere kennisgewing gesluit bly.*